# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / FEBRUARIE**
***MARCH / MAART***

**2005**

## MERCANTILE LAW

## *HANDELSREG*

SG 405-2/0

MERCANTILE LAW SG

405 2 0 SG

X05

**10 pages**
***10 bladsye***

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**HANDELSREG SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VRAAG 1 en ENIGE VYF ander vrae.
- Neem asseblief kennis dat slegs SES vrae nagesien sal word.
- Waar moontlik moet vrae puntsgewys en in volsinne beantwoord word.
- Beplan die lengte van jou antwoorde volgens die punte wat aan die betrokke vraag toegeken is.
- Dit is in jou eie belang om netjies en leesbaar te skryf.

## VRAAG 1
## VERPLIGTEND

Bepaal die korrekte antwoord en skryf slegs die toepaslike letter langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer, bv. 1.6 A.

1.1 Watter een van die volgende eienskappe het betrekking op 'n beslote korporasie?

A. Ledetal tussen 1 en 20
B. Lede moet die statuut onderteken.
C. Die aanspreeklikheid van lede is beperk.
D. Die vennote dra slegs kapitaal by.

1.2 Bronwen en Thabo is vennote. Thabo lewer slegs arbeid tot die vennootskap. Hy is 'n ______ vennoot.

A. stille
B. universele
C. gewone
D. beperkte

1.3 Talitha moet ______ met Afrika Bank ooreenkom dat sy borg sal staan vir haar broer.

A. mondelings
B. deur gedrag
C. skriftelik
D. mondeling en skriftelik

**GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION**
**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION**

**MERCANTILE LAW SG**

**TIME: 3 hours**

**MARKS: 300**

---

**INSTRUCTIONS:**

- Answer QUESTION 1 and ANY FIVE questions.
- Please note that only the first SIX questions will be marked.
- Where possible, questions are to be answered in point format and in full sentences.
- Plan the length of answers according to the marks allocated for each question.
- It is in your own best interest to write neatly and legibly.

---

## QUESTION 1
## COMPULSORY

Choose the correct answer and write down only the appropriate letter next to the question number in your answer book, e.g. 1.6 A.

1.1 Which one of the following characteristics applies to a close corporation?

A. Membership of between 1 and 20
B. Members must sign the articles of association.
C. The liability of members is limited.
D. The partners must only contribute capital.

1.2 Bronwen and Thabo are partners. Thabo contributes only labour to the partnership. He is known as a/an ______ partner.

A. dormant
B. universal
C. ordinary
D. limited

1.3 Talitha agrees _______ with Africa Bank to stand surety for her brother.

A. orally
B. through conduct
C. in writing
D. orally and in writing

1.4 'n Verbandhouer (bank) verkry 'n reg oor die ______ eiendom van die skuldenaar, met die doel om 'n verpligting te verseker.

A. vaste of onroerende
B. verpande
C. roerende
D. roerende en onroerende

1.5 Wat is die doel van die Huurwet?

A. Om eiendomme te huur
B. Om bestendigheid van bewoning te besorg aan verhuurders
C. Om huurgelde binne perke te hou
D. Beskerming van eiendom te verseker (10)

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien die antwoord ONWAAR is, moet die onderstreepte gedeelte vervang word met die korrekte antwoord.

1.6 Die insolvente boedel word in twee dele verdeel, naamlik die vrye oorskot en <u>dividende</u>.

1.7 'n Testament moet skriftelik wees en deur twee getuies en 'n <u>landdros</u> onderteken word.

1.8 Persone onder die ouderdom van <u>16</u> is regtens onbevoeg om 'n testament op te stel.

1.9 Formaliteite wat onder andere nagekom moet word by die verhandeling van onroerende eiendom is die opstel van 'n <u>skriftelike</u> kontrak en die <u>registrasie</u> van die oordrag.

1.10 'n <u>Persoon</u> kan tronkstraf opgelê word, terwyl 'n <u>maatskappy</u> slegs 'n boete opgelê kan word. (12)

Skryf slegs die ontbrekende woord(e) of sinsnede(s) teenoor die betrokke vraagnommer in jou antwoordboek neer.

1.11 Die ______ gee die bank deur middel van 'n tjek opdrag om 'n bepaalde som geld aan 'n ander persoon te betaal.

1.12 Vorms van persoonlike sekuriteit wat krediteure kan gebruik om hulself teen moontlike slegte skulde te beskerm is _______, _______ en _______.

1.13 Die ______ is 'n verband wat gegee word deur 'n koper van onroerende eiendom wat nie oor genoegsame kapitaal beskik nie, aan die verkoper wat die geld voorskiet.

1.14 'n Voorreg wat ontstaan sodra die skuldeiser (bank) een van die medeborge aanspreek vir die hoofskuld van die skuldenaar, staan bekend as ________.

1.4 A mortgagee (bank) obtains a right over the debtor's _______ property, securing an obligation.

A. fixed or immovable
B. pledged
C. movable
D. movable and immovable

1.5 What is the purpose of the Rent Control Act?

A. To lease properties
B. To provide stability of occupation to landlords
C. To keep rent within limits
D. Protection of the property (10)

State whether the following statements are TRUE or FALSE: If FALSE, replace the underlined word(s) with a correct answer.

1.6 The insolvent estate is divided into two portions, namely the free residue and <u>dividends</u>.

1.7 A will must be in writing and signed by two witnesses and <u>the magistrate</u>.

1.8 Persons under the age of <u>16</u> are legally incapable of drawing up a will.

1.9 The formality on the merchandising of immovable property is that it must be in <u>writing and be registered</u>.

1.10 A <u>person</u> can receive a prison sentence, while a <u>company</u> can receive a fine only. (12)

Write down only the missing word(s) or phrase opposite the question number in your answer book.

1.11 The ______ instructs the bank by means of a cheque to pay a sum of money to another person.

1.12 Forms of personal security which creditors can use to protect themselves against possible bad debts are _______, ________ and ________.

1.13 The ______ is a bond granted by a buyer of immovable property if he does not possess sufficient capital, in favour of the seller, who has advanced the money.

1.14 A privilege which arises as soon as the creditor (bank) holds the co-surety liable for the debt of the debtor is known as _______.

1.15 Om te bepaal tot watter mate die prinsipaal aanspreeklik sal wees vir die onregmatige dade van die agent moet vasgestel word of die agent as _____ of as _____ van die prinsipaal opgetree het.

1.16 Die doel en aard van 'n publieke maatskappy word bepaal in die ______.

1.17 'n Reg wat deur wetgewing aan 'n persoon gegee word, wat in besit is van 'n ander persoon se eiendom, waaraan hy/sy geld of arbeid bestee het, met die uitdruklike toestemming van die eienaar, staan bekend as ______. (20)

Verduidelik die volgende terme / konsepte volledig:

1.18 Del credere-kommissie

1.19 Veranderings op 'n tjek

1.20 Kodisil

1.21 Dekkingsverband 4x2=(8)

**[50]**

## VRAAG 2
## MAATSKAPPYWET / BESLOTE KORPORASIE / VENNOOTSKAP

2.1 Die volgende is 'n lys van dokumente en voorbeelde van verskillende ondernemingsvorme.

| | |
|---|---|
| Sertifikaat om met besigheid te begin | Vennootskapsooreenkoms |
| Akte van oprigting | Privaat maatskappy |
| Maatskappy beperk deur garansie | Prospektus |
| Sertifikaat van inkorporasie | Stigtingsverklaring |
| Publieke maatskappy | Beslote korporasie |
| Statuut | Tabel A |
| Samewerkingsooreenkoms | Lederegister |
| Tabel B | Privaat en publieke maatskappy |
| Vennootskappe | |

Pas elk van bogenoemde dokumente of ondernemingsvorme by die onderstaande vrae. Skryf slegs die korrekte term uit die blok langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

2.1.1 Hierdie dokument dien as bewys dat aan al die registrasievereistes van die Wet voldoen is en dat die onderneming geregistreer is.

2.1.2 Die aanspreeklikheid van lede is beperk in die akte van oprigting.

2.1.3 Die interne reëlings en verhoudings tussen lede in 'n beslote korporasie word in hierdie dokument omskryf.

2.1.4 Die oordrag van aandele word in die statuut beperk.

1.15 To determine to what extent the principal is liable for the wrongful act of the agent, one must establish whether the agent acted as ______ of the principal or as ______.

1.16 The aim and the nature of the public company are determined in the _______.

1.17 A right granted by law to a person who is in possession of another person's property on which he has expended money or labour with the explicit authority of the owner, is known as ______. (20)

Explain the following terms / concepts:

1.18 Del credere commission

1.19 Alterations to a cheque

1.20 Codicil

1.21 Covering bond 4x2=(8)

**[50]**

## QUESTION 2
## COMPANY LAW / CLOSE CORPORATIONS / PARTNERSHIP

2.1 The following is a list of documents and examples of different forms of ownership.

| | |
|---|---|
| Certificate to commence business | Partnership agreement |
| Memorandum of association | Private company |
| Companies limited by guarantee | Prospectus |
| Certificate of incorporation | Founding statement |
| Public company | Close corporation |
| Articles of association | Table A |
| Co-operation agreement | Member's register |
| Table B | Private and public company |
| Partnerships | |

Link each of the above documents or forms of ownership to the questions below. Write the correct term from the block next to each question number in your answer book.

2.1.1 This document offers proof that all the registration requirements of the Act have been complied with and that the company has been registered.

2.1.2 The liability of members is limited in the memorandum of association.

2.1.3 The internal arrangements and relationship between members in a close corporation can be defined in this document.

2.1.4 The right to transfer shares is limited in the articles of association.

2.1.5 Dit is 'n dokument wat die terme en voorwaardes uiteensit, byvoorbeeld die bydraes, verdeling van winste en verliese, die naam en doel van die besigheid.

2.1.6 Ewigdurendheid word aan hierdie ondernemings verleen deur die reg.

2.1.7 Hierdie dokument dien as die grondwet (oktrooi) van 'n beslote korporasie.

2.1.8 Het onbeperkte aanspreeklikheid

2.1.9 'n Skriftelike kennisgewing of uitnodiging aan die publiek om aandele of obligasies in die maatskappy te koop

2.1.10 Ontstaan deur 'n mondelinge of skriftelike ooreenkoms

2.1.11 Die voorgeskrewe formaliteite is nagekom en die onderneming mag met besigheid begin nadat die Registrateur van Maatskappye hierdie dokument uitgereik het.

2.1.12 Dit is die belangrikste dokument van 'n maatskappy. Bepaal die optrede van die maatskappy teenoor die buitewêreld.

2.1.13 Lede het 'n belang en nie aandele nie in hierdie ondernemingsvorm.

2.1.14 Hoef nie 'n statuut te registreer nie, omdat dit nie aandelekapitaal besit nie

2.1.15 Dié Wet maak voorsiening vir 'n stel modelstatute vir 'n onderneming wat nie self daaroor beskik nie. Op watter onderneming is Tabel A van toepassing? 15x2=(30)

2.2 Verduidelik die aanspreeklikheid van lede van 'n beslote korporasie teenoor derde partye. (10)

2.3 Noem en verduidelik die ontbinding van 'n beslote korporasie. (10)
**[50]**

## VRAAG 3
## HUUR EN VERHUUR VAN ONROERENDE EIENDOM / VENNOOTSKAPPE

3.1 Skryf slegs die ontbrekende gedeeltes van die volgende stellings neer.

3.1.1 Die huurder of verhuurder mag 'n _______ _______ rig aan die Huishuurbeslissingsraad (Huurraad) op gronde van onredelike huur.

3.1.2 'n Huurder mag 'n stedelike perseel onderverhuur sonder die toestemming van die verhuurder, behalwe indien dit ______.

2.1.5 This is a document stating the terms and conditions, for example, the contributions, division of profits and losses, the name and nature of the business.

2.1.6 Granted perpetuance to this form of ownership by law.

2.1.7 This document serves as the charter of the close corporation.

2.1.8 Have unlimited liability

2.1.9 This document is an invitation or a written circular to the public to buy shares or debentures in the company.

2.1.10 Formed by an oral or written contract

2.1.11 The legal formalities have been complied with, but business may only commence after the Registrar of Companies has issued this document.

2.1.12 This is the most important document of a company. Determines the actions of the company to the outside world.

2.1.13 Members have an interest and not shares in this form of ownership.

2.1.14 Do not need to register articles of association because they do not have share capital.

2.1.15 This Act makes provision for a model set of articles of association, for a company which does not have one. To which company would Table A be applicable? 15x2=(30)

2.2 Explain the liability of members of a close corporation towards third parties. (10)

2.3 State and explain the dissolution of a close corporation. (10)

**[50]**

## QUESTION 3
## LEASE OF IMMOVABLE PROPERTY / PARTNERSHIPS

3.1 Write down only the missing parts of the following statements.

3.1.1 The landlord may submit a _______ _______ to the Rent Tribunal (Rent Board) on the grounds that the rent is unreasonable.

3.1.2 A tenant may sublet an urban tenement without the consent of the landlord, unless _______.

3.1.3 ______ behels die oordrag van regte onder 'n kontrak, terwyl die verpligtinge by die huurder bly.

3.1.4 Indien die verhuurder die eiendom **verkoop**, voordat die huurtermyn verstryk, mag die huurder nie benadeel word nie. Dit staan bekend as ________.

3.1.5 Wanneer die huurkontrak deur tydsverloop beëindig word, en die huurder persoonlik die eiendom bly bewoon op grond van artikel 28 van die Wet op Huurgelde, is hy 'n _______ huurder. (6)

3.2 Verduidelik 'n huurder se plig om die eiendom behoorlik op te pas. (8)

3.3 Meld VIER maniere waarop die huurkontrak beëindig kan word. (8)

3.4 Billy, Vongai en Roop wil 'n vennootskapsooreenkoms sluit. Hulle vra jou advies oor vennootskappe.

3.4.1 Roop wil net 'n spesifieke bedrag in die vennootskap stort, en onder geen omstandighede vir 'n groter bedrag aanspreeklik gehou word nie. Verduidelik aan hom watter soort vennoot hy gaan wees en wat hierdie tipe vennootskap beteken. (8)

3.4.2 Verduidelik aan die vennote dat vennootskappe sekere eienskappe het wat eie is aan die ondernemingsvorm. (8)

3.4.3 Meld SES sake wat hulle in die vennootskapskontrak kan noem. (6)

3.4.4 Verduidelik die reg van al drie om te deel in die winste van die vennootskap. (6)

**[50]**

## VRAAG 4
## PANDE EN VERBANDE / MAATSKAPPYWET

4.1 Verduidelik die formaliteite wat vereis word by die ontstaan van 'n geldige pand op roerende eiendom. Verwys ook na die vereiste wat nagekom moet word indien die goedere reeds in besit is van die skuldeiser (bv. pandjieswinkel). (8)

4.2 Bespreek wat 'n persoon moet doen en die dokument wat voorberei moet word, by die registrasie van spesiale verbande op onroerende eiendom (bv. 'n huis). (10)

4.3 Verduidelik die beëindiging van pande en verbande onder die volgende opskrifte:

4.3.1 Beëindiging van die hoofskuld
4.3.2 Skuldvermenging
4.3.3 Verjaring
4.3.4 Bevel van die hof (8)

3.1.3 ______ constitutes the transfer of rights under a contract, while obligations continue to be those of the tenant.

3.1.4 If the landlord **sells** the property before the lease has expired, the tenant may not be prejudiced. This is known as _______.

3.1.5 If the lease is terminated by the expiry of time, and the tenant continues to occupy the property in person on the grounds of section 28 of the Rent Control Act, the tenant is known as a ______. (6)

3.2 Explain a tenant's (lessee's) duty to take proper care of the property. (8)

3.3 State FOUR ways in which a lease contract may be terminated. (8)

3.4 Billy, Vongai and Roop want to enter into a partnership agreement. They come to you for advice on partnerships.

3.4.1 Roop wants to contribute only a specific sum to the partnership, and under no circumstances does he want to be liable for an amount larger than the contributed amount. Name the kind of partner he will be and explain this partnership to him. (8)

3.4.2 Explain to the partners that partnerships have certain characteristics which will be identified with this kind of ownership. (8)

3.4.3 State SIX matters to them which may appear in their partnership agreement. (6)

3.4.4 Explain the right of all three of them to share in the profits of the business. (6)

**[50]**

## QUESTION 4
## PLEDGES AND MORTGAGES / COMPANY LAW

4.1 Explain the formalities that are required in the formation of a valid pledge on movable property. Also refer to the requirements if the goods are already in possession of the creditor (e.g. pawnshop). (8)

4.2 Describe how a person must go about registering a special mortgage on immovable property (e.g. a house) and which document must be drawn up. (10)

4.3 Explain termination of mortgage and pledges under the following headings:

4.3.1 Discharge of the principal debt
4.3.2 Merger
4.3.3 Prescription
4.3.4 Order of court (8)

4.4 Noem en bespreek TWEE noodsaaklike fasette van 'n maatskappy wat dit ook van enige ander ondernemingsvorm onderskei. (6)

4.5 Verduidelik die registrasie van 'n prospektus van 'n publieke maatskappy. (6)

4.6 Skryf slegs die ontbrekende gedeeltes van die volgende sinne langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

4.6.1 'n Private maatskappy se ledetal bestaan uit ______ tot ______ aandeelhouers.

4.6.2 'n Publieke maatskappy se ledetal bestaan uit ______ lede tot maksimum getal aandele verkoop.

4.6.3 Veranderings aan die akte van oprigting geskied by wyse van 'n ______.

4.6.4 Die naam van 'n publieke maatskappy eindig met die woord Beperk. Dit dui op _______.

4.6.5 Alhoewel die lederegister nie afdoende bewys is van die gegewens wat daarin vervat word nie, is dit 'n prima facie-bewys van alle gegewens. Dit beteken dat _______. (6)

4.7 Bespreek die naam van 'n maatskappy onder die volgende opskrifte:

4.7.1 Reservering van 'n naam (4)
4.7.2 Vertoning van die naam (2)

**[50]**

## VRAAG 5
## RETENSIEREG / INSOLVENSIE

5.1 Verduidelik kortliks die wetlike gevolge van 'n retensiereg. (8)

5.2 Noem TWEE soorte verrykingsretensieregte met TWEE voorbeelde by elk. (10)

5.3 Meld of daar 'n geldige retensiereg in die volgende gevalle bestaan. Gee redes vir jou antwoord.

5.3.1 'n Boukontrakteur het 'n kontrak om die mure van 'n woning te herstel. Daarna bou hy sonder toestemming 'n voëlhok op die eiendom.

5.3.2 'n Werknemer neem besit van sy werkgewer se rekenaar totdat sy salaris betaal word.

5.3.3 'n Mode-ontwerper het 'n retensiereg op die rok wat hy / sy ontwerp of herstel het, vir onkostes. (6)

5.4 Verduidelik die uitwerking van 'n rehabilitasiebevel. (6)

5.5 Wanneer sal die hoërhof 'n bevel tot finale sekwestrasie uitreik? (6)

4.4 Name and explain TWO essential attributes of a company, which also distinguish it from any other form of ownership. (6)

4.5 Explain the registration of the prospectus of a public company. (6)

4.6 Write down only the missing parts in the following sentences next to the question number.

4.6.1 A private company's membership consists of between ______ and ______ shareholders.

4.6.2 A public company membership consists of _______ members to the maximum of shares sold.

4.6.3 Amendments to the Memorandum of association take place by means of _______.

4.6.4 The name of a public company ends with the word, limited. This indicates that _______.

4.6.5 Although the member's register is not sufficient proof of the information it contains, it is a prima facie proof of such information. This means that _______. (6)

4.7 Discuss the name of a company under the following:

4.7.1 Reservation of a name (4)
4.7.2 Display of the name (2)

**[50]**

## QUESTION 5
## LIENS / INSOLVENCY

5.1 Briefly explain the legal consequences of a lien. (8)

5.2 Name TWO kinds of enrichment liens, with TWO examples of each. (10)

5.3 State whether there is a valid lien in the following cases. Give reasons for your answer.

5.3.1 A building contractor has a contract to repair the walls of the house. He then builds a birdcage on the property without permission.

5.3.2 An employee retains his / her employer's computer until his salary is paid.

5.3.3 A dressmaker has a lien on the dress he/she has designed or repaired, for expenses. (6)

5.4 Explain the consequences of a rehabilitation order. (6)

5.5 When will the high court give the order for final sequestration? (6)

5.6 Skryf slegs die korrekte term teenoor die vraagnommer neer vir elk van die volgende:

5.6.1 Die proses waardeur al die insolvent se bates verkoop word, in opdrag van die hof, om sodoende die skuldeisers te betaal

5.6.2 'n Aansoek van 'n debiteur (skuldenaar) om sy eie boedel te laat sekwestreer

5.6.3 Daardie deel van die boedel wat nie onderhewig is aan spesiale verbande, pande of retensiereg nie (6)

5.7 Verduidelik die afsonderlike boedel van die insolvent se eggenoot / eggenote. (8)

**[50]**

## VRAAG 6
## TESTAMENTE / INSOLVENSIE

6.1 Noem in logiese volgorde VYF pligte van die eksekuteur van 'n bestorwe boedel. (10)

6.2 Beantwoord die volgende:

6.2.1 Wanneer sal 'n persoon se boedel ooreenkomstig die reëls van die intestate erfreg verdeel word? (2)

6.2.2 Wat is die minimum ouderdom vir iemand om as 'n getuie by 'n geldige testament op te tree? (2)

6.2.3 Onder wie se toesig word bestorwe boedels beredder? (2)

6.2.4 Hierdie testament mag deur enige een van die erflaters verander of herroep word, selfs sonder die medewete van sy mede-erflater. (2)

6.2.5 Dit verwys na daardie optrede van 'n erflater wat daarop bestem is om sy bestaande geldige testament ongedaan te maak. (2)

6.3 Watter persone word deur die wet gediskwalifiseer om deur 'n testament bevoordeel te word? (6)

6.4 Verduidelik die algemene reëls in verband met die tweede byeenkoms van skuldeisers van 'n insolvente boedel. (10)

6.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien ONWAAR, wysig die onderstreepte woord(e) om die stelling waar te maak.

6.5.1 Om Suid-Afrika te verlaat om oorsee te gaan, is <u>'n daad van insolvensie</u>.

6.5.2 As dit uit die opgawe van die beampte in beheer blyk dat onvoldoende vervreembare goed gevind is om aan die vonnis te voldoen, <u>is dit 'n daad van insolvensie</u>.

5.6 Write down only the appropriate term next to the question number for each of the following:

5.6.1 The process whereby, on the order of the court, all the insolvent's assets are sold in order to pay the creditors

5.6.2 An application by debtor for the sequestration of his own estate

5.6.3 That portion of the estate which is not subject to any special mortgage, pledge or lien (6)

5.7 Explain the separate estate of the insolvent's spouse. (8)
**[50]**

## QUESTION 6
## WILLS / INSOLVENCY

6.1 State in logical order FIVE duties of the executor of a deceased estate. (10)

6.2 Answer the following:

6.2.1 When will a person's estate be divided in accordance with the rules of the intestate succession law? (2)

6.2.2 What is the minimum age at which someone may act as a witness to a valid will? (2)

6.2.3 Under whose supervision are deceased estates administered? (2)

6.2.4 This will may be changed or revoked by either of the testators, even without the knowledge of his co-testator. (2)

6.2.5 This refers to that action of a testator aimed at making an existing will void. (2)

6.3 Which persons are disqualified by law from benefiting under a will? (6)

6.4 Explain the general rules with regard to the second meeting of creditors of an insolvent estate. (10)

6.5 State whether the following statements are TRUE or FALSE. If FALSE, change the underlined word(s) to make the statement true.

6.5.1 Leaving South Africa to go abroad is an <u>act of insolvency</u>.

6.5.2 When the officer in charge fails to find sufficient disposable property to satisfy the judgement against the debtor, this is <u>an act of insolvency</u>.

6.5.3 Die debiteur moet 'n kennisgewing van boedeloorgawe laat publiseer in die Star / Sowetan / Die Beeld en in 'n nuusblad wat sirkuleer in die gebied waar hy/sy woon of besigheid bedryf.

6.5.4 Klere / beddegoed en basiese bestaansmiddele vorm nie deel van die insolvent se gesekwestreerde boedel nie. (10)

6.6 In die kennisgewing van sekwestrasie moet die griffier van die hoërhof 'n afskrif van elke voorlopige sekwestrasie-order aangaande 'n insolvente boedel aan sekere persone en inrigtings stuur. Noem VIER. (4)
**[50]**

## VRAAG 7
## AGENTSKAP / VERHANDELBARE DOKUMENTE

7.1 Noem DRIE sake waaroor die agent en prinsipaal moet ooreenkom by die aangaan van 'n agentskapskontrak. (6)

7.2 Gee VIER voorbeelde van agentskapsoptrede deur gedrag (estoppel). (8)

7.3 Verduidelik die plig van 'n agent om die opdrag uit te voer onder die volgende opskrifte:

7.3.1 Stiptelike uitvoer van die opdrag (6)

7.3.2 Uitvoer van die opdrag in eie persoon (8)

7.4 Noem VIER vereistes waaraan voldoen moet word by die totstandkoming van 'n agentskapkontrak deur bekragtiging. (8)

7.5 Verduidelik die verhouding tussen die bankier en die kliënt in verband met tjeks. (10)

7.6 Verduidelik die term dishonorering van tjeks. (4)
**[50]**

## VRAAG 8
## BORGSKAP / HUUR EN VERHUUR VAN ONROERENDE EIENDOM

8.1 Verduidelik die regsmiddel **beneficium excussionis**, en meld ook die DRIE gevalle waar die borg hom nie op hierdie voorreg kan beroep nie. (14)

6.5.3 The debtor must publish a notice of surrender in the Star / Sowetan/ Die Beeld and in a newspaper circulating in the area where he/she lives or where the business is.

6.5.4 Clothing/bedding and essential means of livehood are not part of the insolvent's sequestrated estate. (10)

6.6 In the notice of sequestration the Registrar of the High Court is required to forward a copy of the original provisional sequestration order to certain people / institutions. Name FOUR. (4)
**[50]**

## QUESTION 7
## AGENCY / NEGOTIABLE INSTRUMENTS

7.1 List THREE points that the agent and the principal must agree upon when a contract of agency is concluded. (6)

7.2 Give FOUR examples of agency by conduct (estoppel). (8)

7.3 Explain an agent's duty to perform under the following headings:

7.3.1 Punctual performance of mandate (6)

7.3.2 Performance of mandate in person (8)

7.4 Name FOUR requirements that need to be complied with at the establishment of an agency contract by ratification. (8)

7.5 Discuss the relationship between the banker and the client in connection with cheques. (10)

7.6 Explain the term dishonouring of cheques. (4)
**[50]**

## QUESTION 8
## SURETYSHIP / LEASE OF IMMOVABLE PROPERTY

8.1 Explain the legal term **beneficium excussionis**, and also state the THREE cases where the surety cannot claim this benefit (14)

8.2 Verduidelik die aanspreeklikheid van 'n borg onder 'n borgkontrak. (8)

8.3 Wat is die doel van 'n borgkontrak? (4)

8.4 Verduidelik hoe die regte van die huurders aangetas word deur die insolvensie van die verhuurder. (8)

8.5 Verduidelik die regte van die verhuurder onder die volgende opskrifte:

8.5.1 Waar die huurder in gebreke bly om huurgeld te betaal (10)

8.5.2 Waar die huurder in gebreke bly om die eiendom aan die verhuurder terug te gee wanneer die kontrak verval (6)

**[50]**

## VRAAG 9
## ALGEMEEN

9.1 Verduidelik die ontstaan van 'n vennootskap deur gedrag (estoppel). (4)

9.2 Beantwoord die volgende in verband met publieke veilings:

9.2.1 Wie is in beheer van 'n veiling? (2)

9.2.2 Wat word bedoel met 'n **reserweprys**? (2)

9.3 Bespreek die **negotiorum gestor** onder die volgende opskrifte:

9.3.1 Omskrywing (4)

9.3.2 Vergoeding (2)

9.3.3 Een voorbeeld (2)

9.4 Verduidelik die aanspreeklikheid vir onware verklarings in die prospektus. (10)

9.5 Wat moet op die voorblad van elke prospektus vermeld word om dit geldig te maak? (4)

9.6 Verduidelik die verantwoordelikhede van die eksekuteur van 'n bestorwe boedel. (10)

9.7 Verduidelik TWEE vereistes vir die bestaan van 'n huurkontrak. (10)

**[50]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**

8.2 Discuss the liability of a surety in a contract of suretyship. (8)

8.3 What is the purpose of a contract of suretyship? (4)

8.4 Explain how the rights of the tenants are affected by the insolvency of the landlord. (8)

8.5 Explain the rights of the landlord under the following headings:

8.5.1 Where the tenant fails to pay rent (10)

8.5.2 Where the tenant fails to return the property on termination of lease (6)
**[50]**

## QUESTION 9
## GENERAL

9.1 Explain the formation of a partnership by conduct (estoppel). (4)

9.2 Answer the following in connection with public auctions:

9.2.1 Who manages an auction? (2)

9.2.2 What is meant by **with a reserve** price? (2)

9.3 Discuss the **negotiorum gestor** under the following headings:

9.3.1 Definition (4)

9.3.2 Remuneration (2)

9.3.3 One example (2)

9.4 Explain the consequences of untrue statements in the Prospectus. (10)

9.5 What must be stated on the front of a prospectus to make it legal? (4)

9.6 Explain the responsibilities of the executor of a deceased estate. (10)

9.7 Explain TWO requirements for the existence of a lease contract. (10)
**[50]**

**TOTAL: 300**

**END**